




RAISINS SOUTH AFRICA (NPC)

JAARVERSLAG

FJ2025



INHOUDSOPGAWE

	FIGUUR INDEKS	02
	1. VOORSITTERSVERSLAG	04
	2. RAISINS SA – SAMESTELLING VAN DIE DIREKSIE	08
	3. VERSLAG: HOOF- UITVOERENDE BESTUURDER	09
	4. OORSIG VAN ROSYNTJIE BEDRYF	12
	5. RAISINS SA OORSIG	14
	6. INLIGTING VAN MAATSKAPPY	18
	7. ADMINISTRASIE VAN DIE STATUTÊRE HEFFING EN FINANSIES	18
	8. NAVORSING EN ONTWIKKELING	28
	9. MARKINTELLIGENSIE, -TOEGANG EN -ONTWIKKELING	33
	10. TRANSFORMASIE	45
	11. OORDRAG VAN INLIGTING, KOMMUNIKASIE EN KENNIS	48
	12. VERKORTE FINANSIËLE STATE	53

FIGUUR INDEKS

FIGUUR
1
BLADSY 12

SUID-AFRIKA SE
PRODUKSAMESTELLING
VIR 2025

FIGUUR
2
BLADSY 12

INDIENSNEMINGS
VAARDIGHEDE IN DIE
BEDRYF

FIGUUR
3
BLADSY 19

ILLUSTRASIE VAN RAISINS
SA SE GOEIE KORPORATIEWE
BESTUUR

FIGUUR
4
BLADSY 22

SAMESTELLING VAN
TOTALE OMSET VAN
RAISINS SA VIR 2025

FIGUUR
5
BLADSY 23

TOTALE PORTEFEULJE
SPANDERING
VIR RAISINS SA

FIGUUR
6
BLADSY 24

UITEENSETTING VAN
DIE ADDISIONELE BRONNE
VAN INKOMSTE

FIGUUR
7
BLADSY 26

ADMINISTRATIEWE
UITGAWE-SAMESTELLING
VAN RAISINS SA VIR 2025

FIGUUR
8
BLADSY 28

NAVORSING PROEKE
VIR DIE JAAR 2025

FIGUUR
9
BLADSY 34

MARKNAVORSING,
BEDRYFS-'BENCHMARKING'
EN MARKONTWIKKELING
-SPANDERING VIR 2025

FIGUUR
10
BLADSY 35

TOTALE INKOMSTE:
R1 125 947 – BEMARKING

FIGUUR
11
BLADSY 36

WÊRLDPRODUKSIE 2025 -
2026 (VOORUITSKATTING)
EN JAAR-OP-JAAR GROEI

FIGUUR
12
BLADSY 37

WÊRLDPRODUKSIE
GEMIDDELDE GROEI OOR
5-JAAR (CAGR*)

FIGUUR
13
BLADSY 38

WÊRLD TOP 10
INVOERENDE LANDE VIR DIE
TYDPERK 2016 – 2025

FIGUUR
14
BLADSY 39

HOOF-UITVOERMARKTE
VIR SUID-AFRIKAANSE
ROSYNE (2025)

FIGUUR
15
BLADSY 40

GROEI IN TOP 10
UITVOERENDE LANDE SE
INTERNASIONALE UITVOERE,
OOR 5 JAAR (CAGR)

FIGUUR
16
BLADSY 47

% WAARDE VAN
TRANSFORMASIE
BESTEDING PER FOKUS
AREA IN 2025

FIGUUR
17
BLADSY 50

INLIGTING EN
KOMMUNIKASIE -
UITGAWES

FIGUUR
18
BLADSY 50

ADDISIONELE INKOMSTE
INLIGTING EN
KOMMUNIKASIE

Afkortings Definisies:

01

FFA:

Fruit Fly Africa

02

RSAMF:

Raisins SA Marketing Forum

03

VAMF:

Vine Academy and Model Farm

04

DWPO:

Droë-Wingerdvrugte
Produsente Organisasie

05

DALRRD:

Departement van Landbou,
Grondhervorming en
Landelike Ontwikkeling

06

DDT:

Droëvrugte Tegniese Dienste

07

NAMC:

National Agricultural
Marketing Council

08

MOI:

Memorandum van Inkorporasie

09

INC:

International Nut and
Dried Fruit Council



1. VOORSITTERSVERSLAG

Raisins South Africa (NPC)

1.1 Inleiding

Dit is vir my 'n voorreg om die Jaarverslag vir die jaar geëindig Desember 2025 aan u voor te lê. Hierdie verslag reflekteer nie slegs 'n jaar van betekenisvolle vooruitgang vir ons bedryf nie, maar ook belangrike uitdagings vir ons organisasie.



DAVID VAN DER MERWE
VOORSITTER - RAISINS SOUTH AFRICA



Die doel van hierdie verslag is om rolspelers 'n oorsig te gee van die organisasie se prestasie, bestuur en beheer, asook om die vooruitgang wat gemaak is met die bereiking van ons strategiese prioriteite, uit te lig.

Die 2025-kalenderjaar sal onthou word as 'n uitsonderlike jaar vir die rosyntjie bedryf. 'n Rekordoes van bykans 101 000 ton is geproduseer, terwyl rekordpryse in 'n tekortmark behaal is. Gevolglik het die bruto produksiewaarde van rosyne rekordvlakke oortref, met 'n beraamde waarde van R3,1 miljard.

Die 2025-oes is gekenmerk deur grotendeels uitstekende droog omstandighede wat bevorderlik was vir die produksie van hoëgehalte rosyne. Volgens wingerdkundiges was die algemene weersomstandighede egter nie noodwendig gunstig vir só 'n uitsonderlike oes nie. Daarom spreek ons ons opregte dank uit aan ons Hemelse Vader vir Sy genade en voorsiening om, ten spyte hiervan, 'n besonderse oes moontlik te maak.

Gedurende hierdie kalenderjaar was die bedryf ook in die bevoorregte posisie om in 'n tekortmark te kon lewer, wat pryse ondersteun het. Hierdie gunstige marktoestande, tesame met die rekordoes, het goeie inkomste vir produsente tot gevolg gehad. Ons is uiters dankbaar hiervoor, aangesien dit die negatiewe finansiële impak van die voorafgaande drie seisoene in 'n groot mate kon help neutraliseer.

Teen hierdie breër bedryfskonteks was die afgelope jaar terselfdertyd 'n bepalende tydperk vir Raisins SA, gekenmerk deur sowel uitdagings as beslissende optrede deur die Raad om bestuur en beheer te versterk, vertroue van belanghebbendes te herstel en die organisasie te posisioneer vir volhoubare toekomstige groei.

1.2 Strategiese fokus

Die Raad het dus deur die loop van die jaar gefokus gebly op die versterking van die strategiese rigting van Raisins SA, met die oog daarop om die organisasie se mandaat tot voordeel van die breër rosyntjiebedryf uit te bou.

Daar is voortgebou op bestaande transformasie- en ontwikkelingsinisiatiewe, met voortgesette belegging in projekte en vennootskappe wat gemik is op volhoubaarheid en inklusiwiteit binne die bedryf. Terselfdertyd is daar krities gekyk na die prestasie van sekere projekte, en waar nodig is besluite geneem om projekte te herstruktureer of te beëindig ten einde die beste moontlike benutting van hulpbronne te verseker.

Die Raad het ook klem gelê op die versterking van datagedrewe besluitneming en markintelligensie, asook die verdere ontwikkeling van strukture wat prysdeursigtigheid en betroubare markinligting ondersteun. Verdere aandag is gegee aan die verfyning van operasionele en befondsingstrukture om te verseker dat die organisasie doeltreffend en volhoubaar funksioneer.

“

Die Raad neem ook kennis van die waardevolle werk wat deur die verskillende komitees van die organisasie verrig is.

”

Hierdie strukture speel 'n belangrike rol in die implementering van strategiese prioriteite, veral op die gebiede van transformasie, tegniese ontwikkeling en marktoegang. Die insette vanuit hierdie komitees het bygedra tot meer ingeligte besluitneming en 'n beter belyning tussen bedryfsbehoefes en die organisasie se strategie.

Ek is van mening dat daar goeie vordering gemaak is met die belyning van strategiese prioriteite met die langtermyn behoeftes van die bedryf, terwyl aanspreeklikheid in die uitvoering van projekte verder versterk is.



1.3. Finansiële oorsig

Vanuit 'n finansiële toesigperspektief het die Raad deurentyd aandag gegee aan die volhoubaarheid en integriteit van die organisasie se finansiële bestuur.

Die finansiële jaar tot 31 Desember 2025 toon 'n beduidende verbetering in die organisasie se finansiële posisie en prestasie in vergelyking met die vorige jaar. Inkomste het merkbaar toegeneem, wat die organisasie in staat gestel het om 'n gesonde netto surplus te realiseer, in teenstelling met die verlies wat in 2024 aangeteken is.

Raisins SA se kontantvloeï en balansstaat het verder versterk, met 'n verbeterde kontantposisie en groei in netto bates. Hierdie ontwikkeling bevestig die organisasie se finansiële volhoubaarheid en skep 'n stewige grondslag vir toekomstige groei.

Finansiële state en ouditverslae is deeglik oorweeg, en areas waar verbeterde nakoming vereis word, is geïdentifiseer. Dit sluit onder meer die versterking van ondersteunende dokumentasie vir uitgawes en die konsekwente toepassing van verkrygingsprosesse in.

Daar is verdere stappe gedoen om finansiële beheermaatreëls te versterk, insluitend verbeterde betalingsverifikasieprosedures, duideliker goedkeuringsvlakke en die validering van kontraktuele ooreenkomste. Die Raad het ook deurlopend toesig gehou oor begroting teenoor werklike prestasie, kontantvloeï en die bestuur van statutêre fondse.

Ten spyte van verhoogde beleggings in strategiese programme en bedryfsaktiwiteite, bly die organisasie finansiële stabiel en goed geposisioneer om volhoubare waarde vir die bedryf te lewer.

Hoewel die finansiële posisie merkbaar verbeter het, het die gebeure van die jaar dit duidelik gemaak dat voortdurende aandag aan interne beheermaatreëls en finansiële toesig noodsaaklik bly.

1.4 Bestuur en beheer

Die Raad het die afgelope jaar toesig gehou oor 'n forensiese ondersoek na finansiële onreëlmatighede wat lig gewerp het op sistemiese swakhede in beheermaatreëls en gevalle van wangedrag. Hierdie bevindings het die noodsaaklikheid van sterker interne beheer, groter deursigtigheid en verhoogde aanspreeklikheid beklemtoon.

Historiese tekortkominge in finansiële beheer en toesig het Raisins SA se risikoblootstelling verhoog, en die Raad het gevolglik vinnig en doelgerig opgetree om regstellende maatreëls in plek te stel.

Die organisasie bly verbind tot die beginsels van King IV, met 'n duidelike fokus op etiese leierskap, verantwoordbaarheid en deursigtigheid. In hierdie verband is die Oudit- en Risikokomitee gestig om toesig oor finansiële verslagdoening, risikobestuur en nakoming verder te versterk.

Die omvang van forensiese ondersoeke is ook uitgebrei om te verseker dat alle relevante aangeleenthede volledig aangespreek word en dat toepaslike opvolgaksie geneem word, insluitend samewerking met relevante owerhede waar nodig.

Verder is daar begin met die ontwikkeling en implementering van addisionele bestuur- en beheermeganismes, waaronder 'n fluitjieblaserbeleid, om 'n kultuur van etiese gedrag en verantwoordbaarheid te bevorder.

Die Raad het gedurende die jaar ook voortgegaan om sy komiteestrukture te versterk ten einde meer gefokusde toesig en verantwoordbaarheid te verseker. Die bydraes van komitees soos die Tegnieke Advieskomitee, Bemerkingsforum en Transformasiekomitee, asook die Projekstuurkomitee en Oudit- en Risikokomitee het 'n belangrike rol gespeel in die identifisering van risiko's, die bevordering van beste praktyke en die ondersteuning van die organisasie se strategiese doelwitte.

Alhoewel hierdie proses uitdagend was, is ek van mening dat die optrede wat geneem is, 'n belangrike grondslag lê vir sterker en meer robuuste bestuur en beheer in die toekoms.



1.5 Raadsaangeleenthede

Die Raad het deur die jaar aktief betrokke gebly in die uitvoering van sy toesigverantwoordelikhede.

Na afloop van die Algemene Jaarvergadering is die leierskap van die Raad bevestig, met die verkiesing van die Voorsitter en Ondervoorsitter in ooreenstemming met die organisasie se bestuursraamwerk.

Daar is deurgaans aandag gegee aan die samestelling van die Raad, die onafhanklikheid van lede en die hantering van botsings van belange, met formele verklarings en 'n sterk fokus op etiese gedrag.

Die Raad het ook aktief betrokke geraak by die aanspreek van reputasie- en fidusiêre risiko's, veral in die lig van die uitdagings wat gedurende die jaar na vore gekom het. In hierdie verband is gesprekke gefasiliteer tussen sleutel belanghebbendes en leierskapstrukture om belyning en vertroue te herstel.

Die Raad bly gevolglik verbind tot voortdurende verbetering in sy funksionering, bestuurspraktyke en vermoë om effektiewe toesig te lewer.

1.6 Vooruitsig

Met die oog op die toekoms sal daar voortgegaan word om te fokus op:

- die verdere versterking van bestuur en risikobestuur
- verbeterde finansiële beheer en aanspreeklikheid
- strategiese belyning met die prioriteite van die bedryf
- die herstel en behoud van vertroue van alle belanghebbendes

“

Ek is vol vertroue dat hierdie optrede Raisins SA sal posisioneer vir volhoubare groei en voortgesette relevansie binne die rosyntjiebedryf.

”

Dan wil ek ook my opregte dank uitspreek teenoor die personeel van beide Raisins SA en die Vine Academy and Model Farm (VAMF) vir hul ongelooflike toewyding en harde werk deur die jaar. Hulle het waarlik die ekstra myl geloop om die sukses van die rosyntjiebedryf te help verseker. Ons waardeer julle!

Groete

David van der Merwe

Voorsitter, Raisins SA

2. RAISINS SA – SAMESTELLING VAN DIE DIREKSIE



DAVID VAN DER MERWE
VOORSITTER



VAN ZYL VORSTER
ONDERVOORSITTER



WESSEL LEMMER
HOOF-UITVOERENDE BESTUURDER



BURGER DE VOS
DIREKTEUR - PRODUSENT



JOHANNES FOURIE
DIREKTEUR - PRODUSENT




EARL LOXTON
DIREKTEUR - GEKOÖPTEERDE



NICO KOCH
DIREKTEUR - GEKOÖPTEERDE



DAWID VAN DER BERG
DIREKTEUR - GEKOÖPTEERDE



ANTHONY MAC MINN
DIREKTEUR - GEKOÖPTEERDE



3. VERSLAG: HOOF-UITVOERENDE BESTUURDER

3.1 Inleiding

Die 2025-jaar was 'n besonder dinamiese en betekenisvolle jaar vir Raisins SA, gekenmerk deur sterk bedryfsprestasie, maar ook deur 'n doelgerigte interne fokus om operasionele doeltreffendheid, beheer en die implementering van strategiese prioriteite te versterk.

Teen die agtergrond van 'n rekordoes en gunstige marktoestande het die organisasie gefokus op die effektiewe uitvoering van programme en projekte wat daarop gemik is om waarde vir die rosyntjiebedryf te lewer en volhoubare groei te ondersteun.

3.2 Operasionele uitvoering en prestasie

Raisins SA het gedurende die jaar voortgegaan om sy kernmandaat uit te voer. Dit sluit die implementering van programme oor die areas van navorsing, ontwikkeling, transformasie, bemarking en kommunikasie in.

Die organisasie het op die verbetering van interne prosesse en die versterking van administratiewe en operasionele kapasiteit gefokus. Sodoende word verseker dat programme betyds en binne begroting gelever word. Spesifieke aandag is aan projekbestuur, verslagdoening en die doeltreffende aanwending van hulpbronne gegee.

Die implementering van verbeterde finansiële en administratiewe prosesse het bygedra tot groter operasionele doeltreffendheid en verbeterde beheer oor bedryfsaktiwiteite.

3.3 Transformasie en ontwikkelingsinisiatiewe

Transformasie bly 'n kernfokusarea van Raisins SA, en betekenisvolle vordering is gedurende die jaar met die implementering van programme wat op die volhoubare ontwikkeling binne die bedryf gerig is, gemaak.

Programme onder die drie hoofpilare van onderneming- en verskafferontwikkeling, vaardigheidsontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling is gedurende die jaar voortgesit en verder uitgebrei. Dit sluit in ondersteuning aan nuwe en bestaande produsente, befondsing van ontwikkelingsprojekte, asook die voortsetting van die mentorskapsprogram. Ons het ook daarop gefokus om die keuringsproses van projekte asook die beoordeling van aansoeke vooraf te verbeter. Dit is nodig om te verseker dat fondse effektief en verantwoordbaar aangewend word.

Samewerking met sleutelvennote, insluitend finansiële instellings en bedryfsorganisasies, is verder uitgebou om die impak en volhoubaarheid van hierdie programme te verhoog.

3.4 Navorsing, tegniese ontwikkeling en bedryfsteun

Die organisasie het deur sy tegniese bedryfsstrukture soos die VAMF voortgegaan om navorsing en ontwikkeling te ondersteun wat daarop gemik is om produksie doeltreffendheid, kwaliteit en volhoubaarheid in die bedryf te verbeter.

Belangrike fokusareas het ingesluit:

- Klimaat- en risikobestuur, insluitend die uitbreiding van weerstasies en die verskaffing van gereelde weer- en siektevoorspellings
- Evaluering van nuwe kultivars en produksiepraktyke
- Verbetering van kwaliteitstandaarde en produksietegniese
- Identifisering en bestuur van bedryfsrisiko's, insluitend plae en siektes

Tegnologie-oordrag het 'n belangrike rol gespeel, met verskeie velddae, opleidingsprogramme en kortkursusse wat aangebied is om produsente te ondersteun en kennis effektief oor te dra.

3.5 Markontwikkeling en bedryfsinligting

Raisins SA het voortgegaan om die bedryf te ondersteun deur verbeterde markinligting en groter deursigtigheid in prysdata. Die gebruik van platforms soos Mintec is voortgesit om akkurate en tydige markinligting aan rolspelers beskikbaar te stel. Daar is ook gefokus op die ontwikkeling van instrumente en stelsels om markdata meer effektief te ontleed en te kommunikeer. Samewerking met die bemarkingsforum en ander bedryfsrolspelers het bygedra tot beter koördinerende ondersteuning van die bedryf binne 'n mededingende internasionale markomgewing.



3.6 Organisatoriese versterking en beheer

Gedurende die jaar is doelgerigte stappe geneem om die organisasie se interne beheermaatreëls, administratiewe prosesse en operasionele strukture verder te versterk.

Dit het onder meer ingesluit:

- Die implementering van verbeterde finansiële kontroles en goedkeuringsprosesse
- Die versterking van kontrakbestuur en dokumentasie
- Verbeterde verslagdoening en monitering van projekte
- Ondersteuning van bestuurs- en beheerstrukture, insluitend die Oudit- en Risikokomitee en Projekstuurkomitee.

Hierdie maatreëls het bygedra tot 'n meer robuuste, deursigtige en verantwoordbare organisasie.

3.7 Uitdagings en lesse geleer

Hoewel die jaar deur sterk prestasie gekenmerk is, het dit ook belangrike uitdagings uitgelig.

Die organisasie moes reageer op bevindings wat die behoefte aan sterker beheer, verbeterde prosesse en verhoogde aanspreeklikheid beklemtoon het. Hierdie uitdagings het egter ook die geleentheid gebied om strukture en praktyke te hersien en te versterk.

Die lesse wat gedurende die jaar geleer is, vorm 'n belangrike grondslag vir voortgesette verbetering en groei.



3.8 Vooruitsig

Met die oog op die toekoms sal Raisins SA voortgaan om te fokus op:

- die effektiewe implementering van strategiese prioriteite
- die verbetering van marktoegang en bedryfsinligting
- die bevordering van navorsing en tegniese innovasie
- die verdere versterking van transformasie- en ontwikkelingsinisiatiewe
- die verdere versterking van interne prosesse en beheer

Die organisasie bly daartoe verbind om volhoubare waarde vir die bedryf te lewer en 'n betekenisvolle bydrae tot die groei en ontwikkeling van die rosyntjiebedryf te maak.

3.9 Slot

Ek wil graag my opregte waardering uitspreek teenoor die Raad vir hul leiding en ondersteuning, asook aan die span van Raisins SA en alle rolspelers soos die VAMF vir hul toewyding en samewerking gedurende die jaar.



Saam bou ons voort op die sukses van die afgelope jaar en werk ons doelgerig aan 'n volhoubare en veerkragtige toekoms vir die rosyntjiebedryf.

Groete

Wessel Lemmer

Hoof-Uitvoerende Bestuurder

Mees
belangrike
uitvoermark:
**noordelike
halfmond**

4. OORSIG VAN ROSYNTJIE BEDRYF

Groei in produksie volume

PROGNOSIS
↑
↓

- Vervanging van wingerde ouer as 20 jaar.
- Jong wingerde wat hulle volle produksie bereik.
- Verbeterings in produksie praktyke.
- Uitbreidings in produksie areas.
- Verhoging van Clanwilliam dam.
- Verhoogde toetrede van tafeldruif produsente na rosyntjie produksie.

100 000 ton per jaar

Wêreldproduksie


ongeveer **1,176** miljoen ton

Suid-Afrikaanse

produksie **100 877** ton

Suid-Afrika

se bydrae **9%** van
beslaan wêreldproduksie



FIGUUR 1: SUID-AFRIKA SE PRODUKSAMESTELLING VIR 2025

Bron: Agrihub 2025

Impak op Bruto Binnelandse Produk

Direkte Impak: **R1 839 miljoen**

+

Indirekte Impak: **R640 miljoen**

+

Geïnduseerde Impak: **R1 754 miljoen**

Totale Impak: R4 233 miljoen

Suid-Afrikaanse aandeel in wêrelduitvoere


Uitvoere	Goues +- 8%	Thompson +- 19%	Korrente +- 16%
----------	-----------------------	---------------------------	---------------------------



6de grootste produseerder wêreldwyd



2de grootste uitvoerder wêreldwyd



FIGUUR 2: INDIENSNEMINGS VAARDIGHEDE IN DIE BEDRYF

Bron: Conningarth 2019

Definisies:

01

Direkte Impak:

die effek wat direk in die landbousektor voorkom.

02

Indirekte Impak:

die effekte wat in die verskillende ekonomiese sektore voorkom wat terugskakel na landbou as gevolg van die voorsiening van intermediêre insette, bv. kunsmis, saad, professionele dienste, vervoer, ens.

03

Geïnduseerde Impak:

die kettingreaksie wat veroorsaak word deur salarisse en winste (minus teruggehoue verdienste) wat weer in die ekonomie teruggeploeg word in die vorm van private verbruiksbesteding.

04

Totale Impak:

verteenwoordig die gesamentlike effek van die direkte, indirekte en geïnduseerde impakte.



5. RAISINS SA OORSIG

“Die vrug van jou arbeid sal jy geniet. Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.”

~ Psalm 128:2 ~

5.1. Agtergrond

Die Suid-Afrikaanse droëvrugtebedryf is 'n bedryf met 'n trotse geskiedenis, met sy oorsprong in die laat-1600's. Oor die afgelope eeu het die bedryf met lang hale gegroei en word dit vandag beskou as 'n wêreldklas en premium-gehalte mark, veral in die geval van rosyntjies. Desnieteenstaande is daar oor die afgelope vyf jaar verskeie strategiese gesprekke gevoer om die rosyntjiebedryf se toekoms te bevorder.

5.2. Die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte

Die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig, maak voorsiening vir die vestiging van statutêre maatreëls naamlik statutêre heffings, die beheer van die uitvoer van landbouprodukte, rekords en opgawes, en registrasie. Statutêre maatreëls vir die droëvrugtebedryf is sedert 2002 ingestel, met die organisasie se ontstaan in 1997.

Sodra 'n maatreël deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie (voortaan verwys na as “die Minister”) bekragtig is, word dit afdwingbaar sodra dit goedgekeur en gepromulgeer is. 'n Statutêre heffing kan beskou word as 'n 'toegewyde belasting' per eenheid van 'n landbou handelsproduk in enige stadium van die bemakingsketting tussen die produseerder en die verbruiker wat vir 'n spesifieke doel geneem word, soos byvoorbeeld **navorsing en ontwikkeling**, die deel van **inligting en kennis** ter verbetering van deursigtigheid in die bedryf, **transformasie**, die instandhouding van **marktoegang** en selfs die verkryging van toegang tot nuwe markte. Registrasie is 'n statutêre maatreël wat in meeste landbousektore geïmplementeer word ten doel om 'n databasis van rolspelers in die betrokke bedryf te skep, bv. produsente, prosesseerders, ens. Rekords en opgawes word implementeer vir die versameling en verspreiding van generiese markinligting, om rolspelers in die waardeketting in staat te stel om ingeligte strategiese besluite te neem.

Na die deregulering van die mark in die laat-1990's het die droëvrugtebedryf se lede besef daar is 'n behoefte om die bedryf te struktureer en te organiseer na afloop van markbevryding en die einde van bemakingsrade.

Droëvrugte Tegnieëse Dienste (DTD) is in 1997 deur droëvrugteprodusente gevestig om hierdie potensiële institusionele mislukking aan te spreek. Dit het gelei tot die totstandkoming van die produsente-organisasie, DTD, om die leemte te vul wat gelaat is deur die institusionele veranderinge. In die vroeë-2000's het DTD sy statutêre aansoek aan die Minister voorberei via die National Agricultural Marketing Council (NAMC). Sedert 2002 is 'n statutêre heffing ingestel om bedryfsverwante aktiwiteite te befonds.

5.3. Oorgang: Vanaf DTD na Raisins SA

Gedurende 2018 is 'n finale strategiese besluit geneem om weg te beweeg van Hortgro Services en 'n nuwe weg in te slaan om die bedryf se eie identiteit en institusionele kapasiteit te vestig en te ontwikkel. Die herstrukturering is teen einde 2018 voltooi en op 1 Januarie 2019 is Raisins SA se nuwe Akte van Oprigting amptelik deur die Suid - Afrikaanse Registrateur van Maatskappye aanvaar. Raisins SA het gespruit uit die behoefte aan die herstrukturering van die bedryf; die organisasie is die slotsom van die evolusie van die dienste gelewer deur die DTD na 'n meer gespesialiseerde en verfynde instrument, gefokus op die spesifieke en unieke behoeftes van Suid-Afrika se rosyntjiebedryf.

Raisins SA het ontwikkel tot 'n nie-winsgewende maatskappy, 'n navorsing en ontwikkeling, asook markontwikkelingsorganisasie in produsentebesit van die rosyntjiebedryf wat 'n geraamde impak van R4,2-miljard op die BBP van Suid-Afrika het.

Die volgende is sedert 2024 bereik:

- Uitvoering van die strategiese plan vir die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf (2020-2025).
- Implementering van Raisins SA se derde heffingsiklus (2025-2028) (31 Desember 2024).
- Implementering van die volgende strukture diensooreenkomstig die MOI;
 - a. Projek Stuurkomitee
 - b. Oudit- en Risikokomitee
 - c. Hersiening van die Transformasiekomitee
- Hersien van (MOI) Memorandum van Inkorporasie (2026)
- Finalisering van die Raisins SA GIS Dashboard
- Implementering van die Generiese Bemaking Strategie 2026

5.4 Personeel

Raisins SA se span bestaan tans uit nege persone om die bedryf te verteenwoordig en te bevorder op verskeie vlakke.



Wessel Lemmer
Hoof-Uitvoerende
Bestuurder



Pieter Smith
Projekbestuurder:
Innovasie en Transformasie



Minessa la Grange
Finansiële en Korporatiewe
Bestuur



Chantelle Kotze
Handelsmerk-, Media- en
Belanghebbende betrokkenheid



Natascha Hamman
Finansies en Operasionele
Administrasie



Azetta Rolse
Ontvangsdame en
Administratiewe Assistent



Shanell Strauss
Administratiewe
Assistent



Lizaan Venter
Landbou-Ekonomiese
Intern



Netta Springbok
Algemene
Assistent

5.5. Raisins SA se advieskomitee

Die Droë-Wingerdvrugte Produsente Organisasie (Raisins SA se advieskomitee), meer algemeen bekend as die DWPO, dien as advieskomitee tot die direksie om te verseker dat produsente se stem gehoor word en dienoreenkomstig prioriteite van Raisins SA se werksaamhede inlig. Terugvoer van projekte uit die Tegniese Komitee, Bemerkingsforum en Transformasiekomitee word onder die DWPO se aandag gebring voor finale voorlegging aan die Projek Stuurkomitee vir goedkeuring van die befondsingsbehoefte deur die direksie.

DWPO lede wat in 2026 bedank en vervang is:

- Llewellyn Adams – Vervang deur Petrus Coetzee
- Peare Liebenberg – Vakant
- De Wet Thirion – Vervang deur Albertus van der Merwe
- Johannes Fourie – Vervang deur Johannes Kotze

Tabel 1: Verteenwoordigers van die DWPO bestaan tans uit die volgende produsente

Persoon	Area	Wyk	Termyn Verstryk
Marius Kruger	Wegdraai	1	2028
Johannes Kotze (Voorsitter 2026)	Groblershoop	1	2028
David van der Merwe	Louisvale/Upington	2	2028
Hendrik Kuhn	Kalksluit	2	2028
Gawie Steyn	Kanoneiland	2	2027
Johan Karsten	UAP	2	2028
Petri Hanekom	Keimoes	2	2028
Albertus van der Merwe	Keimoes	2	2028
Schalk Engelbrecht	Louisvale	2	2028
Petrus Coetzee	Eksteenskuil	2	2028
Johannes Laubscher	Kakamas	3	2027
Rosseau Koortzen	Marchand	3	2027
Burger de Vos	Marchand	3	2027
Jaco Malan	Augrabies	3	2028
NJ Wiese	Vanrhynsdorp	4	2027
Leon Wessels	Vanrhynsdorp	4	2027
Van Zyl Vorster	Trimoa	4	2027
Jandré van Zyl	Trimoa	4	2027
Vlam Taljaard (Voorsitter)	Trimoa	4	2027
Jan Teubes	Kapel	4	2027
Merwe Kriel	Trawal	4	2027
Riaan Smits	Lutzville	4	2027
Danie van Zyl	Bakleiplaas	4	2027

5.6. Verteenwoordiging

Raisins SA word ook op verskeie ander bedryfstrukture verteenwoordig om die belange van die bedryf te bevorder:

Tabel2: Bedryfsvertteenwoordiging

Instansie	Persoon	Sekundi	Posisie
Agbiz	Wessel Lemmer	David van der Merwe	Bedryfsvertteenwoordiger/ Lid
Agri NK	Wessel Lemmer	Pieter Smith	Bedryfsvertteenwoordiger
Agri SA	Wessel Lemmer	Pieter Smith	Bedryfsvertteenwoordiger, Kommoditeitskamer
Agri WK	Wessel Lemmer	Pieter Smith	Bedryfsvertteenwoordiger
Culdevco	Wessel Lemmer	Pieter Smith	Direkteur
Frucom	Wessel Lemmer	Stefan Jordaan	Bedryfsvertteenwoordiger/ Lid
FruitFly Africa	Wessel Lemmer	Stefan Jordaan	Direkteur
Hortforum	Wessel Lemmer	Pieter Smith	Bedryfsvertteenwoordiger
INC Statistiese Komitee	Wessel Lemmer	Chantelle Kotze	Lid
Internasionale Sultana Konferensie	David Van der Merwe	Wessel Lemmer	Onder-voorsitter
International Nut and Dried Fruit Council	Wessel Lemmer	Chantelle Kotze	Bedryfsvertteenwoordiger/ Lid
Raisins SA Industrie Trust	Johannes Fourie Van Zyl Vorster Wessel Lemmer	NVT	Trustees
VAMF	Wessel Lemmer	NVT	Direkteur
WVW Raad	Stefan Jordaan Dr Ferdie Botha	NVT	Bedryfsvertteenwoordiger
WVW Tegniesekomitee	Abraham Vermeulen Stefan Jordaan	NVT	Bedryfsvertteenwoordiger
ZF Mgcawu Brandbeskermingsvereniging	Pieter Smith	NVT	Bedryfsvertteenwoordiger

1.9. In slotsom

Die grondslag van Raisins SA is gelê om ons bedryf se belange te bevorder. Bestaande kapasiteit en strukture is in plek gestel om die maksimum waarde aan ons lede te verseker.

6. INLIGTING VAN MAATSKAPPY

6.1. Inleiding


Maatskappy registrasienommer:	1997/019805/08
Geregistreeerde kantoor:	Groenpuntweg 9 Keidebees UPINGTON 8801 Posbus 2536 UPINGTON 8800
Ouditeure:	Venter en Vennote Posbus 204 UPINGTON 8800
Bank:	Eerste Nasionale Bank Hoek van Schröder en Hill straat UPINGTON 8801
Maatskappy-sekretaris:	Minessa la Grange
Webwerf:	www.raisinsa.co.za

7. ADMINISTRASIE VAN DIE STATUTÊRE HEFFING EN FINANSIES

7.1. Inleiding

Goeie korporatiewe bestuur van die bedryf se strukture is 'n fundamentele funksie van Raisins SA, wat daarop gemik is om die heffing effektief te administreer, tot die voordeel van ons groter bedryf.

Raisins SA se jaarverslag word gepubliseer met die hoofdoel om insig en 'n basiese begrip van die organisasie se bedryfsaktiwiteite te verskaf. Gevolglik poog die jaarverslag om inligting te verskaf en bekend te maak wat vir alle lede en belanghebbendes van belang is. Dit is bedoel om wyer as die finansiële prestasie van die organisasie verslag te doen, en ook terugvoer te gee oor strategieë, portefeuljeprestasie en bestuurspraktyke.



FIGUUR 3: ILLUSTRASIE VAN RAISINS SA SE GOEIE KORPORATIEWE BESTUUR

Bron: Raisins SA

7.2. Struktuur en bestuur

Die direksie van Raisins SA is die finale “vlak” wat verantwoordelik gehou moet word en sal ingevolge die uitvoering van sy mandaat aan die NAMC verslag doen.

Jaarlikse begrotings en teikens sal teen die einde van elke finansiële tydperk weer besoek en gefinaliseer word vir implementering van die volgende finansiële tydperk. Die uitvoerende hoof is uiteindelik aanspreeklik vir die bereiking van doelwitte wat vir die organisasie gestel is. Die aangestelde komitees sal die uitvoering van navorsingsprojekte en bedryfsaktiwiteite ondersteun en lei om te verseker dat hulle relevant en in lyn is met die tydsbestek wat oorweeg word.

Die vier primêre lede van die direksie word volgens vier streke genomineer om hul onderskeie wyke te verteenwoordig. Die dienstermyn vir produsent-direkteure duur drie jaar, waarna hulle óf herverkies word, óf ’n nuwe direkteur aangestel word. Die vier streke is as volg:

- Boegoebergdam (en stroomopwaarts) tot by Upington (oostelike areas, Streek 1),
- Upington tot by Keimoes (middel, Streek 2),
- Keimoes en stroomafwaarts (westelike area, Streek 3); en
- die Olifantsrivier vallei (Streek 4).

Die direksie bestaan tans uit nege direkteure insluitende die Hoof-uitvoerende Bestuurder, vier produsent-vertteenwoordigers, vier gekoöpteerde lede waarvan twee (verpakkers/uitvoerders) insig rakende die huidige marktoestande verskaf, ’n eksterne raadslid om die bedryf se opkomende produsente te ondersteun en een onafhanklike direkteur met ’n regsagtergrond.

Tabel 3: Raisins SA se direksie bestaan tans uit die volgende nege individue

Samestelling van Direksie	Posisie	Termyn Verstryk
David van der Merwe	Voorsitter – Produsent	2028 (volgende rotasie/AJV)
Van Zyl Vorster	Ondervoorsitter - Produsent	2026 (volgende rotasie/AJV)
Wessel Lemmer	Hoof-uitvoerende Bestuurder	Verstryk by beëindiging van diens / bedanking
Burger de Vos	Direkteur – Produsent	2027 (volgende rotasie/AJV)
Johannes Fourie	Direkteur – Produsent	2026 (volgende rotasie/AJV)
Earl Loxton	Direkteur – Gekoöpteerde lid	AJV 2026 (gekoöpteerde lede verval jaarliks)
Nico Koch	Direkteur – Gekoöpteerde lid	AJV 2026 (gekoöpteerde lede verval jaarliks)
Dawid van der Berg	Direkteur – Gekoöpteerde lid	AJV 2026 (gekoöpteerde lede verval jaarliks)
Anthony Mac Minn	Direkteur – Gekoöpteerde lid	AJV 2026 (gekoöpteerde lede verval jaarliks)
Op uitnodiging – nie direkteure nie		
Mathilda van der Walt	NAMC	Nie van toepassing (nie ’n direkteur nie)
Minessa la Grange	Maatskappy Sekretaris	Nie van toepassing (nie ’n direkteur nie)

Die teenwoordigheid van primêre lede, verpakkers en ’n eksterne raadslid verseker dat die bedryf ingelig bly oor produksie, bemarking, bedryfstransformasie asook ander verwante sake. Daarbenewens word Raisins SA se raadsvergaderings en algemene jaarvergaderings bygewoon deur ’n verteenwoordiger van die NAMC.

Die NAMC is die liggaam wat die statutêre heffing elke vier jaar hersien, goedkeur en waaraan Raisins SA jaarliks verslag doen.

Raadsvergaderings 2025:

- 7 Mei 2025
- 8 Mei 2025
- 30 Junie 2025
- 28 Augustus 2025
- 4 Desember 2025

Algemene Jaarvergadering (AJV) 2025:

- 29 Julie 2025 (Wyk 1),
- 29 Julie 2025 (Wyk 2),
- 6 Augustus 2025 (Wyk 3),
- 31 Julie 2025 (Wyk 4)

7.3. Finansies

7.3.1 Heffingsiklus: 2025-2028

Raisins SA samel 'n statutêre heffing vanaf alle rosyntjieprodusente in. Die doel van die maatreëls waarvoor aansoek gedoen is ingevolge artikel 10 van die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig, is om die belange van die bedryf as geheel te bevorder.


Die statutêre heffing word vir 'n siklus van vier jaar geïmplementeer, waarna 'n volledige aansoek opnuut aan die NAMC voorgelê moet word. Die vorige heffingstermyn het in Desember 2024 verstryk. Die nuwe aansoek is goedgekeur en in Desember 2024 in die Staatskoerant gepubliseer, en is geldig vir die tydperk 2025 tot 2028.

Die statutêre heffing van toepassing op hierdie verslagjaar was 22.4 sent per kilogram op die bruto massa ingeneem in 2025. Verslagdoening oor die 2025-2028 siklus volg hieronder.

Tabel 4: Heffingsiklus (2025–2028):

Jaar	Heffing (c/kg)
2025	22,4
2026	23,8
2027	25,4
2028	27,0


Die gemiddelde
jaarlikse styging is
5,1%
per jaar.



7.3.2 Raisins SA inkomste vir 2025

Die totale inkomste het R42 603 082 vir die jaar geëindig 31 Desember 2025 beloop en word as volg saamgestel;

- Die statutêre ledeheffingsinkomste was R22 596 501 (53%)
- Die vrugtevliegheffingsinkomste was R13 739 410 (32%).
- Die addisionele inkomste genereer was R6 267 171 (15%) Die totale omset het teenoor 2024 met 15% toegeneem.
- Addisionele projekte aangepak het 'n surplus van R5 104 096 (R1 981 300 en FFA Surplus R3 122 796) uit 2025 se bedryfsaktiwiteite laat voortvloei. (Figuur 4 en Figuur 5)



FIGUUR 4: SAMESTELLING VAN TOTALE OMSET VAN RAISINS SA VIR 2025

Bron: Raisins SA Berekeninge

Tabel 7: Raisins SA persentasie verandering in inkomstes en die rede daarvoor

Kategorie	Bron van fondse	Verandering / Groei	Rede vir verandering
Ledeheffings (Statutêre fondse)	Statutêre heffings betaal deur produsente	11.54%	Die toename word hoofsaaklik toegeskryf aan hoër bedryfsvolumes en verhoogde heffingsinvorderings gedurende 2025.
Vrugtevliegheffings	Heffings ingevorder vir vrugtevliegbeheer en -monitering	Nuwe heffingsinkomste in 2025	Vrugtevliegheffings is in 2025 vir die eerste keer deur Raisins SA ingevorder wat tot 'n beduidende uitbreiding in statutêre heffingsinkomste gelei het.
Addisionele inkomste / borgskappe	Borgskappe, advertensie-inkomste, konferensies, bedryfstoeie en ander addisionele fondse	Groei in addisionele inkomste	Die groei is hoofsaaklik ondersteun deur addisionele borgskappe en inkomste ontvang vir die eenmalige Internasionale Sultanakonferensie, asook verhoogde bedryfsdeelname en ondersteunings inisiatiewe.


7.3.3 Spandering per portefeulje – 2025

Die finansiële jaar 2025 het 'n styging in uitgawes van ongeveer 20% in vergelyking met 2024 getoon. Die toename in uitgawes weerspieël hoofsaaklik beleggings in goedgekeurde programme, DWPO behoeftes en die uitvoering van Raisins SA se statutêre mandaat, eerder as verhoogde administratiewe koste.

Die verhoogde besteding reflekteer die voortgesette implementering van strategiese programme, insluitend sleutelprojekte soos vrugtevliegbeheer, navorsing, markontwikkeling, internasionale skakeling en korporatiewe bestuur.

Totale bedryfsuitgawes vir die finansiële jaar het ongeveer R37,5 miljoen beloop.

Die kostesamestelling is as volg: Administrasie (6%), Inligting en kommunikasie (5%); Navorsing en ontwikkeling (R&D) (22%); Transformasie (17%) en Marktoegang en -ontwikkeling (22%) en Vrugtevliegbeheer en -monitering 28% (Figuur 5).



FIGUUR 5: TOTALE PORTEFEULJE SPANDERING VIR RAISINS SA

Bron: Raisins SA Berekeninge



7.3.4 Bedryfsverwante aandeelhouing, addisionele bronne van inkomste, mede-befondsing en borgskappe

Raisins SA behou namens sy lede aandele in die volgende entiteite. Hierdie entiteite sluit in:

Culdevco
(Edms.) Bpk.
10%
aandeelhouing


FruitFly Africa
(Edms.) Bpk.
12%
aandeelhouing

Raisins SA is die enigste begunstigde van die Raisins SA Industrie Trust.

Raisins SA werk saam met sleutelvennote in die bedryf om finansiële kapasiteit te versterk en volhoubare groei te ondersteun.

Die totale vrywillige inkomste, insluitend rente-verdienste en ander eksterne bronne, het in 2025 sowat R6 267 171 (uitgesluit FFA heffingsinkomste) beloop.

Hierdie inkomste is hoofsaaklik gegeneer uit rente-verdienste, borgskappe, tantieme, dividende en ander bedryfsverwante aktiwiteite, wat 'n belangrike aanvullende rol in die befondsing van bedryfsinisiatiewe speel.



FIGUUR 6: UITEENSETTING VAN DIE ADDISIONELE BRONNE VAN INKOMSTE VIR RAISINS SA VAN R6,2 MILJOEN IN 2025

Bron: Raisins SA Berekeninge



Tabel 8: Meer Inligting van Addisionele Inkomste Bronne

Inkomstebron	Verduideliking
Transformasie	Addisionele fondse ontvang vir transformasie-, ontwikkelings- en produsent ondersteunings inisiatiewe vanuit vennootskappe en projekbefondsing. Befonders : Carpe Diem Vroue Projek, Scatec: Beursbefondsing, ens.
Raisins SA Industrie Trust	Rente-inkomste ontvang op beskikbare trustfondse en beleggings.
Handelskou	Inkomste ontvang uit deelnamefooie en borgskappe vir handelskoue en blootstellingsinisiatiewe.
Vine Academy and Model Farm	Inkomste ontvang vir administratiewe, finansiële en bemarkingsdienste gelewer, asook rente-inkomste op befondsing en lenings.
Navorsingsbefondsing	Eksterne befondsing ontvang vir navorsings-, tegnologie- en ontwikkelingsprojekte. Befonders Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Culdevco.
Tantieme (Royalties)	Tantième-inkomste ontvang vanaf Selma Pete / Sapu Trust vir die gebruik van geregistreerde plantmateriaal en kultivars.
Bedryfsgeleentheid en Publikasies	Borgskappe en advertensie-inkomste ontvang vir bedryfsgeleentheid en publikasies.
Culdevco	Dividendinkomste ontvang vanuit Culdevco (Pty) Ltd beleggings.
Rente	Rente ontvang op Heffings, beleggings en uitstaande statutêre heffings.
Diverse inkomste	Inkomste uit rosyntjieverkope, advertensieverkope (Nuusbrief / Nuusflits) en ander klein bedryfsaktiwiteite.
Internasionale Sultanakonferensie	Borgskappe en deelname-inkomste ontvang vir die eenmalige Internasionale Sultanakonferensie.
Vrugtevlieg Kartering	Kontrakinkomste ontvang vir vrugtevlieg-kartering, monitering en verwante tegniese dienste.
Velddae	Borgskappe ontvang vir produsente- en bedryfsvelddae



7.3.5 Administratiewe kostes

Administratiewe kostes het in die 2025 finansiële jaar vanaf R2 025 787 in 2024 tot R2 254 330 in 2025 toegeneem, wat 'n styging van ongeveer 11,3% verteenwoordig.

Hierdie toename hou met 'n hersiening in personeelkoste, professionele dienste en regskoste asook algemene administratiewe uitgawes verband.

Dit is belangrik om daarop te let dat uit die totale administratiewe kostes wat spandeer is R643 294 vanuit die addisionele inkomstes verhaal is ten einde te verseker dat ons binne die voorgestelde riglyne van 10% vir administratiewe uitgawes voldoen.



FIGUUR 7: ADMINISTRATIEWE UITGAWE-SAMESTELLING VAN RAISINS SA VIR 2025

Bron: Raisins SA Berekeninge

Gemeet teenoor 2024 het professionele fooie en werwingskoste buitengewone toenames getoon. Aanduidings toon dat hierdie koste vir die komende finansiële jaar (2026) wesenlik kan verminder.

7.3.6 Raisins SA se BEE-status

Die organisasie se B-BBEE status het gedurende die verslagjaar verswak as gevolg van strukturele personeelveranderinge. Dit sluit in die verskuiwing van personeel aan die einde van 2024 na die Vine Academy, personeelverliese gedurende 2025 en vakatures in die transformasie-afdeling wat nie betyds gevul kon word nie.

Raisins SA handhaaf tans 'n B-BBEE vlak 6-status volgens die QSE-telkaart vir nie-winsgewende organisasies en bly verbind tot die volhoubare verbetering van transformasie-uitkomst.

8. NAVORSING EN ONTWIKKELING

8.1. Oorsig van portefeulje


Raisins SA streef na 'n model met goeie basiese riglyne rondom die drie verskillende navorsingstipes wat dit ten doel het om basiese-, toepassings- en wetenskaplike navorsing in plek te stel, asook die oordrag van die 'tegnologie' wat daaruit voortspruit en om dit op 'n tegniese vlak oor te dra. Navorsingsdienste word aan die droogdruiwbedryf voorsien, asook tegniese ondersteuning wat benodig word om die huidige bedryf se behoeftes aan te spreek.

Die volgende strategiese doelwitte word ingesluit as deel van die Navorsing en Ontwikkeling portefeulje

-  **Strategiese doelwit 1:**
Natuurlike hulpbron ontwikkeling
-  **Strategiese doelwit 2:**
Optimalisering van droogpraktyke
-  **Strategiese doelwit 3:**
Kwaliteitsisteme
-  **Strategiese doelwit 4:**
Optimalisering van wingerde
-  **Strategiese doelwit 5:**
Tegnologie oordrag

Die totale spandering vir hierdie portefeulje het R 8 308 039, beloop, wat 22% van die totale spandering verteenwoordig (FFA ingesluit). Die afgelope verslagjaar 2025 is daar projekte voortgesit wat eers gestaak was in 2024, a.g.v. beperkte befondsing.

Die totale spandering vir projekte het R5 657 406 beloop, sien Figuur 8 vir die Rand en persentasie toedeling van elke projek. Die res is ander bedryfskoste wat aangegaan is.



FIGUUR 8: NAVORSING PROJEKTE VIR DIE JAAR 2025

Bron: Raisins SA Berekeninge



8.2. Tegniese advieskomitee

Die Raisins SA Tegniese Advieskomitee is saamgestel om Raisins SA te adviseer en kern tegniese aangeleenthede binne die bedryf te bespreek. Die komitee verskaf gestruktureerde terugvoer aan die Raisins SA Advieskomitee en speel ’n belangrike rol in die identifisering en prioritisering van navorsings- en ontwikkelingsinisiatiewe.

Die komitee bestaan uit verteenwoordigers van die akademie, produsente, verpakkers en die breër bedryf, en word gelei deur ’n onafhanklike voorsitter.



Tabel 9: Die 2026 Tegniese Advieskomitee bestaan uit die volgende persone en instansies

Komiteelid	Instansie
Albert Strever (Voorsitter)	Universiteit van Stellenbosch
André Oberholzer (Ondervoorsitter) (DWPO - Wyk 2)	Oberholzer & Seuns Boerdery
Abraham Vermeulen (Sekretaris)	Vine Academy and Model Farm
Callie de Jager	VDC Raisins
David van der Merwe (DWPO - Wyk 2)	Van der Merwe Landgoed
Johannes Fourie (DWPO - Wyk 1)	Lofdal Fourie Boerdery
JP Bence	VDC Raisins
Natasja Crombrink	Oranjerivier Wynkelders
Stefan Jordaan	Vine Academy and Model Farm
Dr Andries Daniels	Vine Academy and Model Farm
Stry's Strauss	RedSun Raisins
Willem van Aarde	Karsten Farms
Zietsman van der Walt	PepsiCo
Henning Burger	Privaat
Pierre van Heerden (DWPO - Wyk 4)	RedSun Vredendal
Jaco Stemmet	PepsiCo Vredendal
Pieter Smith	Raisins SA
Wessel Lemmer	Raisins SA

Vanaf 2026 sal daar ook ’n DWPO verteenwoordiger vanuit Wyk 3 op die Tegniese Advieskomitee dien.

8.2.1 Doelwit van die komitee

Die komitee fokus op:

- Die evaluering van kern aksies en navorsingsprioriteite
- Die identifisering van werkbare oplossings vir bedryfsuitdagings
- Die insameling en interpretasie van statisties-betroubare data
- Die identifisering van geskikte instellings en kundiges vir navorsing
- Die bevordering van koste-effektiewe en volhoubare oplossings

Gedurende 2025 is drie vergaderings gehou waarin belangrike besluite rondom navorsing en ontwikkeling geneem is.

8.3. Fokusareas

8.3.1 Natuurlike hulpbronbestuur

- Water beskikbaarheid en kwaliteit
- Klimaatsverandering
- Weerdata en voorspellingsmodelle
- Produksieverslae aan die hand van klimaat/weerstoestande

8.3.2 Optimalisering van droogpraktyke en metodes

- Droogbane beste praktyke ontwikkeling
- Infrastruktuur navorsing
- Droogprodukt evaluasies

8.3.3 Optimalisering van wingerdpraktyke

- Kultivar geskiktheid vir SA omstandighede om die opbrengs, kwaliteit van die produk en verdraagsaamheid teenoor klimaatsgebeurtenisse, te verhoog.
 - » Kultivar evaluasies
 - » Bevorder die kwaliteit van plantmateriaal in die groter waardeketting van plantmateriaal
 - » Plantmateriaal standarde & plantverbetering
 - » Onderstok-evaluasies
- Optimalisering van produksie
 - » Oorskakeling vanaf T-kap prieselstelsel na Bokhoring prieselstelsel
- Veldproewe
 - » Oesskattingsmodel
 - » Skadebepalingsmodel
- Grondvoorbereiding
- Plae en siektebeheer
 - » MRL afbreekkurwes
 - » Vrugtevlug skadebepalingsmodel

8.3.4 Menslike hulpbronbestuur

- Praktiese studente (“interns”) leer- en ontwikkelingsprogram
- Raisins SA tegniese interne span, grondkundige asook plant-teling
- Tegniese Advieskomitee

8.3.5 Tegnologie Oordrag

- Publikasies van sleutelaktiwiteite en navorsingsuitsette
- Inligting- en velddae
- Handleiding vir die beste praktyk riglyne
- Raisins SA Simposium

8.4. Hoëvlak projekterugvoer

Die volledige stel projekaansoeke en projekverslae vir 2025 is by Raisins SA op aanvraag beskikbaar.



Natuurlike hulpbronbestuur

Waterkwaliteitsmonitering is verder uitgebrei deur die stigting van 'n onafhanklike forum vir die Oranjerivier. Die rivier word kwartaalliks op 15 meetpunte gemonitor, met aksies wat geïmplementeer word gebaseer op die bevindings. Weerdata-insameling en -analise is versterk deur samewerking met Metos SA en PepsiCo, met onafhanklike voorspellings deur 'n landbouweerkundige.



Droogpraktyke

Proewe is uitgevoer om beste praktyke vir droogfasiliteite te verfyn, met spesifieke fokus op die vermindering van kontaminasierisiko's en die verbetering van produkgehalte.



Wingerdpraktyke en kultivars

Die ontwikkeling en evaluering van nuwe rosyntjekultivars het voortgegaan, met die doel om:

- Opbrengs en kwaliteit te verbeter
- Klimaatweerbaarheid te verhoog
- Oesvensters te optimaliseer

'n Nuwe kultivar ontwikkelingsprogram is geloods, met verdere resultate wat vanaf 2026 verwag word. Onderstok-evaluasies word voortgesit in samewerking met SATI, met proefpersele in verskeie produksiegebiede.



Produksie-optimalisering

Proewe rondom:

- Droog-aan-wingerd metodes
- Oorskakeling van T-kap na Bokhoring-stelsels

is voortgesit om produksiedoeltreffendheid en kwaliteit te verbeter. Vroeë resultate dui op waardevolle insigte vir toekomstige aanplantings.



Plae- en siektebeheer

Monitering van vrugtevlug het gefokus op die identifisering van "hotspot"-areas en vinniger reaksie deur plaaslike ontledings. Hierdie benadering verbeter die bestuur van risiko's en beperk skade.



Tegnologie-oordrag

Tegnologie-oordrag bly 'n kern fokusarea om navorsingsresultate na produsente oor te dra.

Gedurende 2025 is nege velddae en een kultivar opedag, suksesvol aangebied in die Oranjerivier- en Olifantsrivier gebiede, met sterk produsentedeelname. Hierdie sessies het gefokus op:

- Snoei- en winterpraktyke
- Kultivar-evaluasies
- Groei- en blomstadiumbestuur

Formele tegniese inligtingsdae en samewerking met insetverskaffers het die impak verder versterk.



Beste Praktyk Riglyne

Die ontwikkeling van 'n gestandaardiseerde handleiding vir beste praktyke het voortgegaan. Gedurende 2025 is spesifieke fokus geplaas op die opdatering van kultivar-spesifikasies.

8.5. Lesse geleer

Belangrike insigte uit 2025 sluit in:

- Samewerking binne en buite die bedryf is krities vir volhoubare groei
- Praktiese, plaasvlak-navorsing lewer die grootste waarde
- Tegnologie en data moet beter benut word
- Akkurate data is noodsaaklik vir ingeligte besluitneming
- Statistiese ontleding van proewe is krities vir langtermyn sukses

8.6. Slotsom

Die vestiging van die Tegniese Advieskomitee het reeds 'n positiewe impak op die koördinerende en prioritisering van navorsing gehad. Verbeterde samewerking met vennote en produsente het bygedra tot meer gefokusde en effektiewe implementering van projekte.

Elke navorsingsinisiatief, ongeag omvang, dra by tot die groter doel van volhoubaarheid en mededingendheid in die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf. Die VAMF speel 'n sleutelrol in die ontwikkeling van tegniese kapasiteit en die ondersteuning van die volgende generasie bedryfskennis.



9. MARKINTELLIGENSIE, -TOEGANG EN -ONTWIKKELING

9.1. Markintelligensie

Die Raisins SA Bemarkingsforum (RSAMF) het gedurende 2025 'n belangrike rol gespeel in die verbetering van markintelligensie binne die bedryf. Gereelde vergaderings is gehou in Maart, Mei en Oktober 2025, waar produsente, verpakkers en ander rolspelers saamgewerk het om marktoestande, prysdinamika en strategiese rigting te bespreek.

'n Sleutel-inisiatief was die ontwikkeling van 'n internasionale vraag- en aanbod dashboard vir rosyne. Die voorstel is aan internasionale produserende lande gesirkuleer, met positiewe terugvoer ontvang van die VSA, Turkye, Argentinië en Australië. Die RSAMF het die implementering van die dashboard goedgekeur, met Raisins SA wat die verantwoordelikheid aanvaar vir die verdere ontwikkeling, administrasie, opdatering en publiserings daarvan. Hierdie instrument sal bydra tot verbeterde markdeursigtigheid en globale koördinering.

Die implementering van Mintec prysindekse het gedurende die jaar goeie vordering getoon. Weeklikse prysopdaterings is aan RSAMF-lede gesirkuleer en is positief ontvang as 'n waardevolle hulpmiddel vir markbesluitneming. Daar is besluit om die formaat van die indekse verder te verfyn en vanaf Januarie 2026 die inligting ook publiek met produsente en ander markdeelnemers te deel. Hierdie ontwikkeling ondersteun die doelwit om groter prysdeursigtigheid in die bedryf te bevorder.

9.2. Marktoegang

Marktoegang bly 'n kritieke fokusarea vir die bedryf. Spesifieke aandag is gegee aan die uitbreiding van uitvoermarkte en die aanspreek van regulatoriese vereistes.

Toegang tot die Indonesiese mark is steeds onder bespreking. Suid-Afrikaanse rosyne is nog nie goedgekeur vir uitvoer na Indonesië nie. Die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) het bevestig dat bestaande voedselveiligheid- en laboratorium erkennings geldig is tot onderskeidelik 2027 en 2028. Raisins SA werk nou saam met die Departement en sal tegniese insette lewer ter ondersteuning van die heraansoekproses wat gedurende Augustus 2026 ingedien moet word.

In die Europese Unie-mark is aandag gegee aan die behoud van bestaande SO₂-vlakke vir geswaelde produkte. 'n Tegniese projek sal geïnisieer word om wetenskaplik-gebaseerde data beskikbaar te stel ter ondersteuning van die bedryf se posisie in gesprekke met relevante Europese liggame. Hierdie inisiatief word deur die RSAMF ondersteun vir implementering in 2026.

9.3. Markontwikkeling

Terugvoer vanaf verpakkers dui daarop dat internasionale marktoestande gedurende 2025 relatief stabiel was, met pryse wat rondom internasionale vlakke stabiliseer. Die Turkse oes en globale aanbod bly egter die grootste drywers van markdinamika. Daar is ook toenemende druk op vraag in sekere segmente, veral in die bestanddeelmark, waar vervangings en formulering veranderings begin plaasvind.

'n Belangrike strategiese vraagstuk vir die bedryf is die balans tussen korttermyn prysmaksimering en langtermyn markposisionering. Die bedryf sal moet besluit of die fokus geplaas word op die benutting van huidige gunstige marktoestande, of op die bou van 'n meer volhoubare en mededingende posisie vir die toekoms. Hierdie tema bly 'n kernfokus van die Raisins SA Bemarkingsforum (RSAMF) -besprekings.

Raisins SA het voortgegaan om die bedryf internasionaal te bevorder deur deelname aan die handelskou ANUGA. Vir SIAL 2026 is 'n gesamentlike uitstalruimte bespreek, met deelname van verskeie verpakkers en die moontlikheid om addisionele rolspelers in die droëvrugtebedryf te akkommodeer.

Na internasionale markbesoeke aan Duitsland en Turkye is 'n hersiene generiese bemarkingsbenadering ontwikkel. Die fokus is om die beskikbare begroting van ongeveer R8 miljoen per jaar meer strategies en doelgerig aan te wend. Dit sluit die her-evaluering van bestaande veldtogte, veral in die VK en EU, sowel as die ontwikkeling van 'n meer gefokusde globale strategie in. 'n Werkswinkel met bedryfsrolspelers het plaasgevind om die 2026 bemarkingsplan te finaliseer. Die RSAMF het die loodsprojek naamlik die Uitvoerbemarkings Aansporingsmeganisme (UBAM), waarvolgens verpakkers en uitvoerders aangemoedig word om nuwe markte te ontwikkel, vir implementering in 2026 goedgekeur.

Die RSAMF het ook aandag gegee aan samewerking tussen rolspelers binne die raamwerk van die Mededingingswet. Insette is ontvang oor hoe samewerking verantwoordelik gestruktureer kan word om die bedryf se globale mededingendheid te versterk, sonder om regulatoriese vereistes te oortree.




9.4. Ondersteunende Projekte

Verskeie projekte wat marktoegang en -ontwikkeling ondersteun, is gedurende die jaar geïnisieer of bevorder. Dit sluit in navorsing oor *capstems*, tegniese ondersteuning vir EU-markvereistes, en ander inisiatiewe wat gemik is op die verbetering van produkgehalte en markaanvaarding.

Hierdie projekte dra by tot die versterking van Suid-Afrika se posisie as 'n betroubare en mededingende verskaffer van hoëgehalte rosyne in internasionale markte.

Die totale spandering op hierdie portefeulje beloop R8 283 688 wat 22% van die totale uitgawes verteenwoordig.




FIGUUR 9: MARKNAVORSING, BEDRYFS-‘BENCHMARKING’ EN MARKONTWIKKELING-SPANDERING VIR 2025

Bron: Raisins SA Berekeninge

Aan die hand van die bostaande is dit belangrik dat Raisins SA die volgende funksies namens die bedryf behartig: 1) Markintelligensie/ Bedryfs-‘benchmarking’; 2) Marktoegang en 3) Markontwikkeling.

Hierdie fokusareas sal kortliks in die komende gedeelte hanteer en bespreek word.



FIGUUR 10: TOTALE INKOMSTE: R1 125 947 – BEMARKING

Bron: Raisins SA Berekeninge

9.5. Fokusareas

Oor die afgelope jaar het Raisins SA homself op die volgende areas toegespits:

9.5.1 Markintelligensie en ‘benchmarking’

Bedryfsnavorsing en ‘benchmarking’ van sleutelaktiwiteite (produksie, verwerking, logistiek, ens.), plaaslik en internasionaal, is belangrik vir die uitwys van uitdagings en ondoeltreffendheid in ons bedryf. Dit dien as belangrike bron vir enige onderhandelinge of gesprekke rakende beleidsformulering, strategiese beplanning van verskeie kapasiteite in die bedryf soos verwerking, plantmateriaal, ander inset verwante groei, logistiek, nuwe markte ens.

Die insameling, verwerking en interpretasie van markdata is verder noodsaaklik vir die bevordering van ’n deursigtige markomgewing. Dit sluit sowel plaaslike as internasionale markinligting in.

Die wêreldwye rosyntjiebedryf toon tans beduidende verskuiwings in produksie, handel en verbruikspatrone, wat beide uitdagings en nuwe geleenthede vir produsente en uitvoerders skep. Veranderende klimaattoestande, herstel in produksievolumes in sleutelproduserende lande en groeiende internasionale vraag beïnvloed die dinamika van die wêreldmark ingrypend.


Terselfdertyd speel verbruikers se toenemende fokus op gesondheid en voeding ’n belangrike rol in die toekomstige vraag na rosyne as ’n natuurlike en voedsame voedselprodukt. Hierdie afdeling gee ’n oorsig van die verwagte wêreldproduksie, internasionale handelsvloei, Suid-Afrika se posisie in uitvoermarkte, asook die verbruikstendense wat die toekomstige groei van die bedryf sal bepaal.

Die vooruitskatting vir 2026 toon dat die gemiddelde toename in die totale produksie van rosyne wêreldwyd met 15% jaar op jaar kan toeneem (Sien Figuur 11). Die produksie sal na verwagting van 1,18 miljoen ton tot 1,44 miljoen ton toeneem. Die grootste herstel in produksie met ’n beduidende toename van 77% word in Turkye verwag, gevolg deur Indië en Iran met 43% elk. Hierdie herstel in groei volg ná die afgelope drie jaar se lae produksievolumes as gevolg van ongunstige weerstoestande. China behou sy posisie as een van die wêreld se grootste produsente met ’n gematigde groei van 5%, terwyl die VSA relatief stabiel bly met slegs 2% groei.

Suid-Afrika (insluitend Namibië) toon egter ’n verwagte afname van 1% weens donsskimmel en ander weerverwante faktore. Na verwagting kan Chili waarskynlik ook ’n daling van 7% ervaar.

Ander kleiner produsente toon gemengde resultate: Griekeland en Argentinië toon klein toenames in groei, terwyl Afghanistan se produksie onveranderd bly. Oor die algemeen dui die data op 'n groot uitbreiding in wêreldproduksie wat hoofsaaklik deur die herstel in Turkye, Indië en Iran se produksievolumes veroorsaak word.

Hierdie beduidende toename in wêreldproduksie kan egter uitdagings skep om die groter aanbod in die mark te absorbeer wat druk op pryse kan plaas. Suid-Afrika moet dus op kwaliteit fokus sodat ons rosyne van mededingers onderskei word en voorkeur in internasionale markte geniet.




FIGUUR 11: WÊRELDPRODUKSIE 2025 - 2026 (VOORUITSKATTING) EN JAAR-OP-JAAR GROEI

Bron: INC; Raisins SA Berekeninge

Figuur 12 toon dat wêreldproduksie oor die afgelope vyf jaar teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers (CAGR) van slegs 1% gegroei het. Totale produksie het van 1,38 miljoen ton in 2022 tot 'n verwagte 1,44 miljoen ton in 2026 toegeneem. Die sterkste groei word deur Oesbekistan (7%) en Argentinië (6%) aangedryf, terwyl Suid-Afrika en Australië ook 'n gesonde gemiddelde jaarlikse groei van 5% toon. China en Iran groei teen 'n gematigde 2% per jaar, terwyl Indië se produksie oor die tydperk grootliks stabiel bly.

Daarteenoor toon verskeie groot produsente negatiewe groei. Afghanistan (-7%), Griekeland (-4%) en Turkye (-2%) het die grootste gemiddelde afnames ervaar. Die VSA en Chili toon ook ligte dalings van -1%. Hoewel wêreldproduksie oor die lang termyn relatief stabiel bly, dui die data op verskuiwings in produksiepatrone, waar groei toenemend deur kleiner en opkomende produsente ondersteun word.



FIGUUR 12: WÊRELDPRODUKSIE GEMIDDELTE GROEI OOR 5-JAAR (CAGR*)


Bron: INC; Raisins SA Berekeninge

*Compound Annual Growth Rate (Saamgestelde gemiddelde jaarlikse groeikoers)

Figuur 13 toon die wêreld se top-10 invoerende lande vir die tydperk 2016 tot 2025, met 'n duidelike opwaartse tendens in invoerwaardes oor die afgelope dekade. Die Verenigde Koninkryk (VK) en Duitsland bly deurentyd die grootste invoerders, met die VK wat in 2025 die hoogste invoerwaarde van ongeveer USD 260 miljoen bereik. Duitsland toon ook sterk groei en styg teen 2025 tot meer as USD 230 miljoen.

Nederland en Indië toon merkwaardige groei oor die tydperk, veral vanaf 2023 tot 2025, wat dui op toenemende vraag vanuit hierdie markte. Japan bly relatief stabiel, terwyl Turkye, Frankryk, Kanada, Italië en Brasilië laer, maar steeds betekenisvolle invoervlakke handhaaf.

Die sterk styging in invoere gedurende 2024 en 2025 dui op herstel en uitbreiding in internasionale handel en wêreldvraag.



FIGUUR 13: WÊRELD TOP 10 INVOERENDE LANDE VIR DIE TYDPERK 2016 – 2025


Bron: Trademap



Figuur 14 toon dat Europa verreweg die grootste uitvoermark vir Suid-Afrikaanse rosyne in 2025 is, met invoere van 45 110 ton, wat 61% van totale uitvoere verteenwoordig. Die VK en Noord-Amerika is ook belangrike markte, met onderskeidelik 14% en 13% van uitvoere. Hierdie drie markte saam absorbeer byna 90% van Suid-Afrika se rosynuitvoere.

Sedert die aanvang van die VK-veldtogte *Beautiful Country*, *Beautiful Raisins* en *Dried Fruit Alliance*, het Suid-Afrika se uitvoervolumes na die VK-mark aansienlik gegroei – van 2 702 ton in 2019 tot 10 345 ton in 2025. Oor die tydperk 2019 tot 2025 het uitvoere na die VK dus 'n gemiddelde jaarlikse groei van 21% getoon.

Asië (Midde-Ooste en Verre-Ooste) dra 5% tot die uitvoermark by, terwyl Afrika, Oseanië en Suid-Amerika relatief klein markte bly, met onderskeidelik 3%, 2% en 1% van uitvoere. Die data dui daarop dat Suid-Afrikaanse rosynuitvoere steeds sterk afhanklik is van Europese en ander ontwikkelde markte, met beperkte penetrasie in ander streke.




FIGUUR 14: HOOF-UITVOERMARKTE VIR SUID-AFRIKAANSE ROSYNE (2025)

Bron: Trademap, Raisins SA Berekeninge

Figuur 15 toon dat internasionale rosyuitvoere oor die afgelope vyf jaar teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 3,71% afgeneem het. Wêrelduitvoere het van 890 945 ton in 2021 tot 'n beraamde 737 346 ton in 2025 gedaal. Turkye, steeds een van die wêreld se grootste uitvoerders, het 'n beduidende afname van 7,78% ervaar, terwyl die VSA en ander uitvoerders ook sterk negatiewe groei toon.

Teenoor hierdie afwaartse wêreldtendens presteer Suid-Afrika egter positief, met uitvoere wat teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 2,83% gegroei het. China toon die sterkste groei van alle lande, met 'n indrukwekkende gemiddelde groei van 28%, wat dui op 'n vinnige uitbreiding van sy uitvoemark. Nederland en Argentinië toon ook positiewe groei, terwyl Chili, Indië, Griekeland en Duitsland matige afnames ervaar. Die data dui daarop dat Suid-Afrika, ondanks die afname in wêreldhandel, sy markposisie suksesvol uitbrei en sy uitvoerprestasie verbeter.



FIGUUR 15: GROEI IN TOP 10 UITVOERENDE LANDE SE INTERNASIONALE UITVOERE, OOR 5 JAAR (CAGR)

Bron: Trademap, Raisins SA Berekeninge

Tabel 10: Top 10 uitvoerende lande se tonne, marktaandeel en 5-jaar gemiddelde groei (CAGR) in internasionale uitvoere

Lande	2021		2025		5 Jaar gemiddelde groei
	Tonne	% Aandeel in Wêreld uitvoere	Tonne	% Aandeel in Wêreld uitvoere	
Wêreld	890 945	-	737 346	-	-3,71%
Turkye	257 163	29%	171 540	23%	-7,78%
Suid-Afrika	63 964	7%	73 553	10%	2,83%
China	20 232	2%	69 708	9%	28,07%
Chili	63 400	7%	57 500	8%	-1,93%
VSA	77 051	9%	54 392	7%	-6,73%
Argentinië	38 849	4%	41 447	6%	1,30%
Indië	20 783	2%	19 032	3%	-1,74%
Nederland	12 161	1%	18 046	2%	8,21%
Griekeland	15 830	2%	12 556	2%	-4,53%
Duitsland	12 554	1%	9 821	1%	-4,79%
Ander	308 958	35%	209 751	28%	-7,45%

Verbruikers se toekomstige inname van rosyne sal grootliks beïnvloed word deur hul toenemende fokus op gesondheid en die gepaardgaande veranderinge in eetgewoontes. Mense heg al hoe meer waarde aan voedsel, soos rosyne, wat hul algemene gesondheid en welstand kan bevorder. Dit skep gunstige geleenthede vir produkte wat natuurlik vesel, voedingstowwe en gesondheidsvoordele bied as deel van daaglikse eetgewoontes.

Die toekomstige groei in verbruik sal egter afhang van hoe huidige verbruikers se persepsies en gewoontes in ag geneem word.

Mense se koopbesluite word dikwels beïnvloed deur die waarde wat hulle aan rosyne heg, hul bekendheid daarmee en hul kennis oor hoe rosyne gebruik kan word. Sommige mense assosieer rosyne steeds met ’n hoë suiker- of kalorie-inhoud, wat hul bereidheid om dit te koop kan beïnvloed, ten spyte van die voedingswaarde daarvan.

Hierdie uitdagings skep egter ook nuwe geleenthede. Groter bewustheid van die voedingswaarde van rosyne, duideliker kommunikasie oor die koste per porsie in vergelyking met ander peuselhappies, en meer idees oor hoe en wanneer rosyne gebruik kan word, kan belangstelling verder aanwakker. Om rosyne sterker te verbind aan eetgeleenthede soos ontbyt, peuselhappies en maaltye kan ook hul aantrekkingskrag vergroot.

Langtermyn-groei in verbruik sal daarom afhang daarvan of rosyne nie bloot as ’n produk vir af-en-toe gebruik beskou word nie, maar eerder as ’n maklike, toeganklike en gereelde deel van die moderne verbruiker se eetgewoontes.

9.5.2 Opbrengs op bemarkingsbelegging (VK en Duitsland)

Die opbrengs op bemarkingsbeleggings in sleutelmarkte toon duidelik die waarde van 'n gefokusde en strategiese veldtog.

Volgens 'n ontleding deur RED Communications het uitvoere na die Verenigde Koninkryk oor die afgelope ses jaar met meer as 560% gegroei tot nagenoeg 10 000 ton, terwyl Duitsland steeds as 'n voorkeurmark vir Suid-Afrikaanse rosyne met 'n verwagte groei van 26% jaar-tot-jaar dien. Hierdie groei is deur doelgerigte bemarkingsaktiwiteite, met 'n relatiewe beperkte jaarlikse bemarkingsbegroting van ongeveer £28 000 bereik.

Die veldtog wat deur RED Communications in opdrag van Raisins SA uitgevoer is dui op 'n beduidende, maar steeds koste-effektiewe totale belegging oor verskeie jare. RED Communications se ontledings toon dat redaksionele dekking tot 'n 15 keer hoër opbrengs as tradisionele advertensies gelewer het, wat die effektiwiteit van die veldtog bevestig. Direkte betrokkenheid met internasionale kopers het verder tot tasbare veranderinge in aankoopbeleid gelei.

Groot rolspelers soos Whitworths en Associated British Foods is betrek. Hierdie resultate bevestig dat volgehoue belegging in handelsverhoudings, markbewustheid en produkposisionering 'n direkte en meetbare impak op uitvoergroei het, met verdere potensiaal vir uitbreiding, veral in die VK-mark.

9.5.3 Marktoegang

SAGAP is nou goed op dreef - alhoewel dit nie perfek is nie word dit deurentyd verbeter. Hierdie is alreeds 'n groot tree in die regte rigting t.o.v. naspeurbaarheid, higiëne en voedselveiligheid. Jaarlikse aanpassings tot MRL'e is sekerlik die heel belangrikste marktoegangselement. Die R&D portefeulje werk steeds op hierdie gebied en ook in oorleg met Frucom kommunikeer ons die nuutste verwickelinge aan die waardeketting. Op die huidige oomblik is daar 'n sterk dryf om SO2 se limiete af te bestuur en word daar saam met Frucom en ander droogvrugte bedrywe gewerk om dit tee te staan.

Die beheer van peste en plaë word voorsien om ook meer toenemend relevant te word, sowel as die konsep tot volhoubaarheid wat veral etiese optrede in terme van arbeid insluit. Raisins SA se aansoek vir marktoegang tot Indonesië word in Augustus 2026 ingedien.

9.5.4 Markontwikkeling

Markontwikkeling vir groeiende volumes in die bedryf sal baie belangrik wees tot die volhoubaarheid van die bedryf. Om konstant dubbelsyfergroei in produksie te behartig, sonder om te kompenseer op die prys, is 'n moeilike en selfs onrealistiese verwagting. Raisins SA se Uitvoerbemarkings Aansporings meganisme (UBAM-loodsprojek) is deur die Bemarkingsforum en direksie vir implimentering in 2026 goedgekeur.



9.6. Bemerkingsadvieskomitee

Die Raisins SA Marketing Forum (RSAMF) dien as besprekingsplatform waar markrisiko-verwante sake bespreek word om aan die direksie van Raisins SA raad te verskaf. Die komitee word aangewend om sleutelmarkkwessies soos voedselveiligheid, MRL'e, oesskattinge, markontwikkeling ensovoorts te bespreek.

Die doelwit van die komitee is as volg:

- Om markrisiko's (fitosanitêre risiko's, MRL'e, voedselveiligheid, tariewe, logistieke uitdagings, ens.) in die bedryf te identifiseer en te bespreek, waar die nodige regstellende stappe in plek gestel kan word om die risiko's te verminder of uit die weg te ruim, byvoorbeeld SAGAP.
- Om te verseker dat akkurate inligting gedeel word (onder bedryfsrolspelers, die media, ens.) en sodoende dus deursigtigheid in die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf te bevorder.
- Terugvoer te gee ten opsigte van marktoegang en die ontwikkeling van markte te bevorder.

Die Bemerkingsforum bestaan uit verteenwoordigers van produsente en verpakkers en dien as 'n konsultatiewe platform vir bemerkings- en marktoegangsake in die rosyntjiebedryf. Die forum maak aanbevelings aan die Raad en beveel jaarliks twee verpakkervertenwoordigers aan vir aanstelling of heraanstelling as gekoöpteerde direkteure, ingevolge die Memorandum van Inkorporasie (MOI).

Tabel 11: Bemerkingsadvies Komitee Samestelling - 2025

Komiteelid	Instansie
Willem Bestbier (Voorsitter)	Onafhanklik
Johannes Fourie	Raisins SA direksie
David van der Merwe	Raisins SA direksie
Van Zyl Vorster	Raisins SA direksie
Santjie Coetzer	Pepsico
Nico Koch	Pepsico
Stephan Kruger	Prosperitas Foods
Conrad Conradie	RedSun Raisins
Dawid van der Berg	Carpe Diem Raisins
Hanli Smit	Carpe Diem Raisins
Pieter Roos	Carpe Diem Raisins
Tanya Alston	Nel Brothers Estate Raisins (2026)
Johan Cronje	NC Raisins/Desert Gem Raisins (2026)
Dr Ferdie Botha	VDC Raisins
Wessel Lemmer	Raisins SA
Chantelle Kotze (Sekretaris)	Raisins SA (2026)

Johannes Fourie het in Junie 2026 uit die Raisins SA Bemerkingsforum (RSAMF) bedank.

Johannes Kotze is as sy opvolger aangestel as produsente-vertenwoordiger, terwyl 'n produsenteverteenwoordiger vanuit Wyk 3 ook aangewys sal word om die vakature in dié wyk te vul.

9.7. Lesse geleer

Die volgende lesse is oor die afgelope jaar geleer:

- Volumes het oor die afgelope tien jaar in die bedryf sterk gegroei en noodsaak differensiasie van die Suid-Afrikaanse kwaliteit produk wat kan bydra dat die toename in volumes steeds bemark kan word, sonder om te kompenseer op die eenheidswaarde van ons produk.
- 'n Groot agterstand heers by generiese bemarkingsaksies, plaaslik sowel as internasionaal. Die doeltreffendheid van die plaaslike bemarkingsaksie is in samewerking met die droëvrugtebedryf hersien en die UBAM loodsprojek is vir 2026 in ondersteuning van plaaslike produsente en verpakkers/uitvoerders geïmplementeer.
- Aandag moet gegee word om geleenthede vir samewerking met die generiese promosieveldtogte van die kleinhandelswaardekettings in oorsese markte optimaal te benut. Die doel moet wees om die aandeel van rosyne van Suid-Afrikaanse oorsprong in die voedselmandjie te verhoog.
- Tydens die 2025 Internasionale Sultanakonferensie in Suid-Afrika is besluite geneem dat produksielande gesamentlik sal saamwerk om die internasionale verbruik van rosyne en sultanas te verhoog. Verder moet lande saamwerk om tydige vraag en aanbodinligting beskikbaar te stel en derdens moet die lande saamwerk om die toenemende 'Global Framework for Chemicals'-vereistes wat die EU stel met bewese feitelike navorsing aan te spreek.

- Markintelligensie is noodsaaklik om deeglike besluite te neem oor die langtermyn; maar dit verg tyd, fondse en kundigheid om die nodige stelsels te ontwikkel, in plek te stel en voortdurend te diens. Tans is daar 'n toegewyde persoon aangewys om sy/haar volle aandag aan hierdie funksie te wy.
- Sleutelaspekte soos voedselveiligheid, naspeurbaarheid, etiese handelspraktyke en sosiale verantwoordelikhede sal dringend moet aandag geniet omdat dit 'n geleentheid is om die produk van Suid-Afrikaanse oorsprong van ander mededingerlande in ons bestaande en nuwe markte te differensieer.

9.8. Slotsom

Daar is die afgelope jare opnuut fokus geplaas op gesonde leefstyle internasionaal; 'n sleuteltendens waarop rosyne moet kapitaliseer as 'n gesonde produkkategorie. Dit is belangrik om hierdie boodskap oor te dra om die wêreldvraag na ons produk te stimuleer, wat redelik onveranderd die afgelope dekades was.

Ongeveer 86% van Suid-Afrika se rosyntjieproduksie word na internasionale markte uitgevoer, wat die bedryf sterk uitvoergeoriënteerd maak. Gevolglik word die bedryf direk beïnvloed deur plaaslike beleidsveranderinge en wêreldwye ekonomiese, geopolitieke en logistieke faktore wat marktoegang en vraag kan beïnvloed. Die COVID-19-pandemie het byvoorbeeld die vraag na Goue Rosyntjies laat afneem, terwyl Thompson- en SA Sultana-rosyntjies sterk in aanvraag gebly het.

